Die Bondwapen van die Vermeulen familie van Suid-Afrika

Eerstens, betreffende die Vermeulens se oorsprong? So `n bietjie Europese geskiedenis. Die vroegste geskrifte betreffende die Vermeulens is in Amsterdam Nederland, waar Vermeulens baie welvarende handelaars geword het, soveel so dat hulle tot die adelstand verhef is. In Duitsland egter, is ook Vermeulens sedert die middeleeue wat tot ridders beslaan is en in die Duitse adelstand opgeneem is. Suid-Afrika se Vermeulens kan egter hulle herkoms terugspeur na Nederland as hulle land van oorsprong.

“The surname Vermeulen was first found in Holland, where the name became noted for its many branches in the region, each house acquiring a status and influence which was envied by the princes of the region. The name was first recorded in Amsterdam, an ancient 13th century town held by the Lords of Amstel. Geisbrecht II built a castle there. Geisbrecht III built the dam to keep out the sea. It is first mentioned in charters of 1275 when Floris IV, the count of Holland granted its charter. It became a city of great mercantile wealth. It hold great treasures of art. In their later history the surname became a power unto themselves and were elevated to the ranks of nobility as they grew into a most influential family”

Die Nederlandse Vermeulenwapens



Ons Bond is 20 jaar oud, voorwaar `n trotse prestasie! Hennie het my gevra om `n bietjie uit te brei betreffende die oorsprong van ons pragtige Bondwapen wat deur elke Vermeulen wat `n Bondlid is, as familiewapen gebruik mag word.

Eers moet ek u inlig waar my eie betrokkenheid betreffende die Vermeulenfamiliewapen begin het en hoe ek by die Bond betrokke geraak het. Gedurende die middel 1990`s, my jongste van drie seuns is in 1990 gebore, het ek na die Vermeulen familiewapen wat landwyd in omloop was en ook in CJ Pama se boek geïllustreer word van families wat voor 1800 in die land gekom het, gekyk. Dit was my plig om my jong seuns op te voed en in te lig oor hulle Vermeulen herkoms en alles wat daarmee saamgaan. Ek het opgegroei met `n familiewapen in my ouerhuis en het self een laat houtsnee wat in my huis gehang het. Dit was nou die wapen met die gekronkelde paal, die slange, die drie voëls en `n windmeultjie op die wapenskild soos hierbo aangetoon.

Ek was op daardie stadium in die Weermag betrokke as Regiment Sersant Majoor van Regiment Oranjerivier. By die regimentshoofkwartier het vrae ontstaan of die regiment se formele Tenuedrag en Regimentsvaandel geregistreer is gedurende die regiment se stigtingsjare. Die proses van navrae doen by die Departement van Wetenskap/Kuns en Kultuur het my laat wonder of die Vermeulen familiewapen ook geregistreer is of nie, en indien nie, hoe geldig is dit dan en wie kan daarop aanspraak maak?

Ek het die destydse Staatsheraldikus, Frank Brownel, in Pretoria gekontak. Hy het my ingelig dat geen Suid-Afrikaanse Vermeulen op die Vermeulen familiewapen wat in omloop was, kon aanspraak maak nie en dat dit ook nie in Suid-Afrika geregistreer is nie. Dit was ook die geval met heelparty ander Suid-Afrikaanse families wat onwetend “vals” familiewapens in hulle besit gekry het waarop hulle nie aanspraak kon maak nie, nie net ons Vermeulens nie.

Frank het verder verduidelik dat gedurende die 1930`s se depressiejare, `n ene Theunissen met familiewapens deur die land gesmous het of dit nou eg of oneg was met betrekking tot

die betrokke familie. Daar was selfs `n bestelvorm in die destydse Brandwag tydskrif, voorloper van die Huisgenoot.

Aangesien nie een van ons stamvaders, Jan Willemsz of Dirk Cornelisz Vermeulen die land binnegekom het met `n familiewapen nie, het Theunissen in die Kaapse argief op `n brief afgekom wat daar bewaar word van Gijsbrecht Vermeulen van Batavia, gerig aan die Kaapse Goewerneur. Agter op die brief was `n waksseël met Gijsbrecht Vermeulen van Batavia se familiewapen daarop afgedruk, die een wat ek hierbo beskryf het. Gijsbrecht self was nooit in die land nie, dus kon geen Suid-Afrikaanse Vermeulen op sy familiewapen aanspraak maak sonder onteenseglike bewys van `n familieband met Gisjbrecht Vermeulen van Batavia nie. Onwetend is die "vals" familiewapen dus onder die Suid-Afrikaanse Vermeulens versprei as hulle eie en tydens `n Vermeulen saamtrek gedurende die 1950`s is borde en asbakke te koop aangebied met die "vals" wapen daarop wat onwetend en met trots deur die Vermeulens aanvaar en vertoon is.

Na wat Frank my meegedeel het, het ek besef dat ek en elke ander Vermeulen in Suid-Afrika skielik wapenloos is. Die oomblik toe ek besef my wortels is onder my uitgehaal, het ek ook besef hoe belangrik dit vir my was om `n familiewapen te hê en hoe diep my Nederlandse oorsprong eintlik was, selfs na meer as drie eeue in Suid-Afrika. Ek het vir Frank gevra wat my te doen staan. Hy het voorgestel dat ek `n persoonlike wapen ontwerp en vir sy department moet stuur om te verseker dat dit heraldies korrek is, waarna dit dan in my naam geregistreer sal word en in die Staatskoerant gepubliseer sal word. "Wat van al die ander Vermeulens in die land?" wou ek weet. "Hulle is nog steeds wapenloos aangesien net jou seuns volgens die heraldiekwet met jou wapen mag voortgaan" was sy antwoord. Hy het my ook die keuse gegee om my verbintenis met my direkte Nederlandse voorsate op te spoor om so op my oorspronklike familiewapen in Nederland af te kom maar dat dit jare kon duur en `n paar reise Nederland toe sou kos. Ek het daarteen besluit. Dit was beter om die Suid-Afrikaanse opsie uit te voer en `n eg Suid-Afrikaanse familiewapen met Nederlandse verbintenis te ontwerp, `n wapen waarmee ek kon vereenselwig. Die Nederlandse wapens uit die middeleeue, wat ek oorweeg het om aan te neem, het my nie geroer nie.

Die Vermeulenwapen van Gijsbrecht Vermeulen wat "valslik" in omloop in die RSA is sedert die 1930`s waarop geen Suid-Afrikaanse Vermeulen aanspraak kan maak nie, aldus die Buro van Heraldiek, Departement van Wetenskap/Kuns en Kultuur.

Ek het dus die proses om `n nuwe wapen te ontwerp begin en na heelwat korrespondensie met die Departement van Wetenskap/Kuns en Kultuur, en `n paar aanpassings deur hulle, is die wapen in 1996 goedgekeur, in my naam geregistreer en in die Staatskoerant gepubliseer. Die leuse Non Pareil (Niks beter nie) is deur my pa voorgestel aangesien Non Pareil die naam van een van my oupa se wingerdplase in die Hexvallei was. Dit was die eerste geregistreerde en deur die wet beskermde Vermeulen familiewapen in Suid-Afrika.

Persoonlike Vermeulenwapen geregistreer aan JLM Vermeulen 1996

Die druiwetrosse herdenk vier geslagte wingerdboere. Die twee swaarde geplaas in `n "V" herdenk militêre betrokkenheid. Die windmeul herdenk ons herkoms uit Nederland.

Op daardie stadium het ek nog glad nie geweet dat Johan en Izak begin het met `n intensiewe Vermeulen familienavorsing en die lengte en diepte waartoe hulle dit sou deurvoer nie. In die jaar 2000 het ek `n berig in die koerant gesien wat hulle geplaas het betreffende die Vermeulen navorsing en het ek hulle gekontak, wat ons op die onderwerp van `n Bondwapen gebring het. Tydens die stigtingsproses van die Bond van die Vermeulen Familie, is Johan en Izak deur dieselfde proses met Staatsheraldikus Frank Brownel as ek en is die Bondwapen ontwerp, heraldies goedgekeur, en in 2001 geregistreer en word dit deur die wet beskerm.

Die Bondwapen van die Bond van die Vermeulenfamilie in SA geregistreer 2001

Ek het goedkeuring verleen dat my reeds geregistreerde wapenspreuk/leuse Non Pareil, ook op die Bondwapen aangebring kan word, wat ook my pa, JD Vermeulen, se goedkeuring weggedra het.

Al is my persoonlike wapen vyf jaar ouer as die Bondwapen, is die Bondwapen die stam/moederwapen. Volgens die heraldiekwet staan dit Vermeulens vry om `n persoonlike wapen vanuit die stamwapen te ontwerp en te registreer met eie persoonlike detail daarop. `n Voorbeeld hiervan bestaan ook in die Van der Linde familie soos voorgestel word in CJ Pama se boek.

Bondswapen

Persoonlike Wapen
JLM Vermeulen

Persoonlike Wapen

Persoonlike Wapen

Persoonlike Wapen

Die twee geregistreerde Suid-Afrikaanse Vermeulen familiewapens

Ek hou die Bondwapen met die registrasieseël al sedert 2001 in veilige bewaring by my, maar dit staan die bestuur van die Bond vry om dit te verskuif na `n plek van hul keuse.

Embleem van ons trots

Van diep uit ons gesielte
Uit ons murgvervuld gepypte
Tot warm groot harte
Is gevorm ons gestalte

Ons kenne gelig in trots
Elke Bondslid `n rots
Voete vas op die aarde
Dit is familiestandaarde

Die blou ons getrouheid
Die rooi is ons bloed
Die meul ons voorspoed
Die swaarde wat ons behoed

Sprekend van ons
Ons wapen van trots
Uit ons geskiedenis gebring
Gaan daarmee die toekoms in

Nageslag dra dit verder
Jongeling leef dit uit
Tree vir tree, in ons gees
Ons sal ook daar wees

Al skiet die lewe met `n boog
Lig ons vaandel en hou dit hoog
Ons leuse Non Pareil
Niks beter nie

JLM Vermeulen

Ek hoop dat bostaande stukkie geskiedenis vir u duidelikheid bring en u vrae beantwoord betreffende die oorsprong en rede van ons Bondwapen.

VermeulengroeteJLM Vermeulen (Johan)
Melkbosstrand 2019.08.28

BURO VIR HERALDIEK



Wapen: In rooi, twee goue swaarde omgekeerd kepersgewys geplaas, met gevestе na die skildvoet, op 'n omgekeerde silwer punt 'n rooi windmeul; 'n blou skildhoof. Wapenspreuk: Non Pareil.

Hiermee word gesertifiseer dat 'n wapen soos hierbo geïllustreer en beskrywe kragtens die Heraldiekwet geregistreer is vir die

Bond van die VERMEULEN Familie

STAATSHERALDIKUS
PRETORIA.
DATUM 20 April 2001

VOORSITTER:
RAAD VIR HERALDIEK
3212

Die Bondwapen se registrasiesertifikaat